

Hersiening Inoefening Vaslegging
Graad 4 – Kwartaal 1 – Werkopdrag 1 – 2024

Aantel en terugtel; waarde en plekwaarde; uitgebreide notasie; afronding; stygende en dalende orde

Die inhoud van hierdie materiaal is volgens die Jaarlikse Onderrigplan van die Departement van Basiese Onderwys 2024.

1. Afdeling A – Aantel en terugtel in intervalle:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Aantel beteken jou antwoord raak groter; raak meer; plus.
2. Terugtel beteken jou antwoord raak kleiner; raak minder; minus.
3. Interval – spasie tussen getalle:
[2; 4; 6; 8 → interval is 2; tel aan in 2's]
[5; 10; 15 → interval is 5; tel aan in 5'e]
[40; 30; 20; 10 → interval is 10; tel terug in 10'e]



LEER!!!

1.1 Tel hardop aan in 10'e: 10; 20; 30 tot by 100

1.2 Bereken die ontbrekende getalle: 60; 70; 80; ____; ____; 110; ____ (3)

1.3 Tel hardop terug in 5'e: 95; 90; 85 tot by 35

1.4 Bereken die ontbrekende getalle: 160; 155; 150; ____; ____; 135; ____ (3)

2. Afdeling B – Getallelyne:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!





1. 'n Getallelyn is 'n lyn bestaande uit getalle.
2. Bepaal eers die interval.
3. Bepaal dan of die getalle groter of kleiner word.
4. Bereken dan die ontbrekende getalle.



LEER!!!

2.

Voltooi die getallelyne:



3. Afdeling C – Waarde en plekwaarde:



Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Ons gebruik die tiendelige stelsel:

HONDERDE	TIENE	ENE
100	10	1
3	4	5

LEER!!!

Die getal in groen lees: Driehonderd vyf en veertig

- Die waarde [HOEVEEL is die GETAL] van die 4 in die getal is $4 \times 10 = 40$.
- Die waarde [HOEVEEL is die GETAL] van die 3 in die getal is $3 \times 100 = 300$.
- Die plekwaarde [POSISIE] van die 3 in die getal is 3 honderde of H (naam van kolom).
- Die plekwaarde [POSISIE] van die 5 in die getal is 5 ene of E (naam van kolom).
- Net enkelsyfergetalle 0 tot 9 word in elke kolom gebruik.

Voltooi die tabel oor waarde en plekwaarde: [Gebruik die onderstreepte syfers.]

Getal	<u>4</u> 7	9 <u>9</u>	<u>5</u> 87	8 <u>3</u> 4
Waarde	40			
Plekwaarde	Tiene/T			

(6)

4. Afdeling D – Uitgebreide notasie:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Bereken die enkelsyfers se waardes en tel dit bymekaar.

VOORBEELD: $573 = 500 + 70 + 3$

of

$$573 = 5 \text{ Honderde } (5 \times 100) + 7 \text{ Tiene } (7 \times 10) + 3 \text{ Ene } (3 \times 1)$$

2. Onthou om altyd + (plustekens) te gebruik.

LEER!!!

3.

Skryf die volgende getalle in uitgebreide notasie:

4.1 $68 =$ _____ (1)

4.2 $394 =$ _____ (1)

4.3 $609 =$ _____ (1)

4.4 $842 =$ _____ (1)


5. Afdeling E – Afronding tot die naaste 10:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Afronding tot 10 beteken ons werk met veelvoude van 10.

2. Ons werk met 10; 20; 30; ens. [die 10 x-tafel].

Kyk na die volgende getallelyn:



Die getalle 10; 20; 30; 40 is veelvoude van 10 [ons tel in tiene].


Die middelste getal tussen 10 en 20 is 15.

Wanneer ons afrond is hierdie middelste getal baie belangrik.

Die getalle kleiner as 15 [11; 12; 13; 14] rond af na 10.

Die getalle 15 en groter [15; 16; 17; 18; 19] rond af na 20.

LEER!!!



Rond die volgende getalle af tot die naaste 10:

5.1 31 _____ 5.2 59 _____

5.3 85 _____ 5.4 144 _____

5.5 425 _____ 5.6 596 _____ (6)

6. Afdeling F – Stygende en dalende orde:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Stygende orde beteken van klein na groot: [21; 33; 46; 59]

2. Dalende orde beteken van groot na klein: [86; 79; 56; 32]

3. Die simbool $<$ beteken kleiner as: [12 $<$ 21]

4. Die simbool $>$ beteken groter as: [63 $>$ 59]

LEER!!!

4.

Skryf die getalle in stygende orde:

6.1 531; 513; 135; 315; 153; 351

(1)

Skryf die getalle in dalende orde:

6.2 279; 972; 927; 729; 792; 297

(1)

Vul in < of >:

6.3.1 124 _____ 142

6.3.2 520 _____ 502

6.3.3 471 _____ 147


6.3.4 991 _____ 999

(4)

Kritiese denke en probleemoplossing

7. Wat van hierdie KOPKRAPPER!!!

'n Boer en sy boot is saam met die jakkals, die hoender en 'n sak mielies aan die een kant van 'n rivier. Die boer kan slegs een item saam met hom op die boot laai. Hy kan nie die jakkals en die hoender los nie, dan vreet die jakkals die hoender op. Hy kan nie die hoender en mielies los nie, dan vreet die hoender die mielies op.



Hoe gaan hulle almal aan die anderkant van die rivier kom?

8. Bereken die ontbrekende getalle:

$$\begin{array}{r} \underline{\quad} \quad 9 \quad 4 \\ 2 \quad \underline{\quad} \quad 7 \\ 9 \quad 6 \quad \underline{\quad} \end{array}$$